# DUPLISERING VAN BRITSE ARGIVALE BRONNE VIR NAVORSING*

Aan die begin van die vyftiger jare is 'n projek van stapel gestuur om oorsese argiewe en versamelings vir die S.A. Argiefdiens te dupliseer en om aanwinste wat op die Suid-Afrikaanse geskiedenis betrekking het, te verkry. Hierdie projek is toevertrou aan bekwame historici, by name prof. C. F. J. Muller wat in die V.S.A. veldwerk gedoen het, wyle dr. W. J. de Kock het Europese argiewe ondersoek en wyle mnr. F. A. Steytler het bronnenavorsing in Engeland onderneem. Hierdie projek het in die eerste plek ten doel gehad om bronne te versamel oor die Anglo-Boere-oorlogtydperk. Soos later sal blyk, was die veldtog baie suksesvol en het dit verdere pogings in die verband aangemoedig.

Na hulle terugkeer, het dr. A. Wypkema na die Nederlande vertrek om hom hoofsaaklik op die Kompanjies- en Bataafse tydperk toe te spits. Vroeg in die sestiger jare is 'n senior argiefamptenaar, mej. J. H. Davies, M.A., na Engeland om die bronnenavorsing aldaar voort te sit, met die uitgangspunt om Britse bronne te bekom of te dupliseer wat op die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot omstreeks voor die Anglo-Boere-oorlogtydperk betrekking het.

Die vraag ontstaan onwillekeurig wat ons hier te lande beskikbaar het in die vorm van gedupliseerde Britse argiewe en ander bronne. Dit kan benadruk word dat die Suid-Afrikaanse navorser nie meer noodwendig na Engeland hoef te gaan om sy navorsing te doen nie. Die belangrikste Britse bronne is gedupliseer, hetsy in die vorm van mikrofilm of fotokopie, en die nodige vindmiddels in die vorm van inventarisse en lyste is reeds daarop opgestel. In sommige gevalle bestaan die lyste uit 'n item-vir-item beskrywing wat raadpleging nog verder vergemaklik.

In soverre dit sommige Britse argiewe betref, moet daar in gedagte gehou word dat hierdie argiewe geraadpleeg kan word slegs onder die voorwaardes wat die Public Record Office en die ander betrokke instansies neergelê het, want in werklikheid is hulle die bewaarders en administrateurs van die oorspronklike argiewe. In hoofsaak kom die bepalings daarop neer dat die gedupliseerde argiewe vir raadpleging beskikbaar is, maar dat die Kroonkopiereg en bron erken moet word in gevalle waar P.R.O.-argiewe geraadpleeg word. Waar aanhalings van groter omvang in 'n tesis of publikasie gemaak word, moet eers toestemming van die betrokke instansie verkry word. Ook mag geen afdrukke van sodanige gedupliseerde argiewe gemaak word nie, alvorens toestemming van die betrokke instansie verkry is nie. Dit geld veral vir die groot aantal fotostatiese afdrukke van kaarte.

Enkele van die belangrikste bronne word vervolgens oorsigtelike aangestip.

---

Sien *S.A. Argiefblad,* Nr. 8, 1966: Davies, Miss J. H.: „Some Aspects of Source Research in the United Kingdom" en Steytler, F. A.: „Bronnenavorsing in Groot-Brittanje, 1951-1954".

*Public Record Office, Londen*

*Argiewe oor Suider-Afrika*

Die *C.O. 879*-reeks bestaan in totaal uit 116 volumes wat op 101 mikrofilmrolle afgedruk is. Die argief, bestaande uit vertroulike gedrukte stukke, is in geheel mikroverfilm. Die dokumente is vir die interne gebruik van die Koloniale Kantoor gekopiëer en is geselekteerde korrespondensie, memoranda, ens. Die vroegste stukke dateer uit die jaar 1847/1849 en dié dokumente loop deur tot na die Anglo-Boere-oorlog en vanselfsprekend betrek dit alle belangrike gebeure wat oorsee reperkussies gehad het. 'n Publikasie van die P.R.O., t.w. *List of Confidential Office Confidential Print to 1916* bevat 'n uitvoerige itemsgewyse lys wat raadpleging van hierdie mikrofilms baie vergemaklik.

*Cab. 37* oftewel die Cabinet Papers 1880-1914 bestaan uit 122 bande wat op 48 mikrofilmrolle afgedruk is. Die dokumente handel oor aangeleenthede wat kabinetsministers belangrik genoeg geag het om as gedrukte memoranda onder hulle kollega's te laat sirkuleer. So byvoorbeeld bestaan volumes 54 en 55 geheel en al uit telegramme oor militêre verrigtinge tydens die Anglo-Boere-oorlog. Die P.R.O.-publikasie *List of Cabinet Papers 1880-1914* bevat 'n gedetailleerde lys van al die dokumente.

*Anglo-Boere-oorlogtydperk*

Die mikrofilms van die *War Office* betrek die tydperk 1896-1902 en die oor die *Foreign Office,* 1893-1902. Uitvoerige lyste is hierop beskikbaar. Soos die tydperk aandui, behels hierdie geduplíseerde argiewe ook die gebeurtenisse wat voorspel tot die Anglo-Boere-oorlog was.

Aansluitend hierby is *C.O. 37* waarvan 'n paar volumes mikroverfilm is en wat oor Bermuda ca. 1899-1905 handel. *C.O. 54* handel oor Ceylon ca. 1899-1904 en enkele volumes is geselekteer vir mikroverfilming.

Die groep *C.O. 417* handel oor Suider-Afrika vir die tydperk 1896-1902 en is in die vorm van 702 volumes fotokopieë beskikbaar. *C.O. 224* handel oor die Oranje-Vrystaat 1901-1902 en is ook as ingebinde fotokopieë beskikbaar. Dieselfde geld vir *C.O. 291* wat die Transvaal vir die tydperk 1901-1902 dek. *C.O. 537* dek die tydperk 1891-1898 en bestaan ook uit fotokopieë.

*Kaapkolonie*

*C.O. 48* wat beskryf word as oorspronklike korrespondensie van die Kaapkolonie vir die tydperk 1807-1910 is in geheel geduplíseer. Slegs 'n gedeelte van die argief is in die vorm van ingebinde fotokopieë beskikbaar — die res is mikrofilm. *C.O. 53* word beskrywe as „Cape Colony, Miscellanea" en slegs enkele volumes is geselekteer vir mikroverfilming. Van *C.O. 537* wat getipeer is as „Cape Colony, Original Correspondence

Supplementary" is slegs een volume mikroverfilm wat die tydperk 1834-1838 dek. *C.O. 414* t.w. „Cape Colony Commissioners of Eastern Enquiry, 1805-1830" is slegs op mikrofilm beskikbaar. Dieselfde geld vir *C.O. 49* wat beskryf word as „Cape Colony, Entry Books, 1795-1872". Die oorspronklike korrespondensie van Griekwaland-Wes vir die tydperk 1875-1880 (*C.O. 107*) is in die vorm van mikrofilms gedupliseer.

*Natal*

*C.O. 179* bestaan uit oorspronklike korrespondensie oor Natal. Slegs die tydperke 1880-1888 en 1896-1902 is gedupliseer. Eersgenoemde is in die vorm van mikrofilms en laasgenoemde bestaan uit fotokopieë.

*Ander Argiewe en Versamelings*

*London Missionary Society*

Nagenoeg 114 mikrofilms is vervaardig oor die gedeeltes wat op Suid-Afrika betrekking het. Onder andere is hierby ingesluit die Philip Papers en Van der Kemp Papers.

*Rhodes House Library, Oxford*

Veral van belang is die Rhodes Papers wat op mikrofilm verkry is. Ander versamelings wat mikroverfilm is, is onder meer die Molteno Papers, dokumente van Robert White (hoofsaaklik oor die Jameson-inval), luit.-goew. Bourke-dokumente, Godlonton Papers, Montagu White Papers, Macartney Papers, ens.

*J. C. Chamberlain Papers*

Die oorspronklike dokumente berus in die Universiteit van Birmingham en ses rolle mikrofilms is van dié versameling gemaak.

*Milner Papers*

Hierdie dokumente berus in die New College, Oxford. Lord Milner het skynbaar self, of onder sy toesig, die ordening van hierdie versameling waargeneem. Die versameling wat hoofsaaklik uit briewe bestaan, is in die vorm van fotokopieë beskikbaar. Die inventaris daarop is baie duidelik, veral aangesien dit in fyn onderwerpe verdeel is. Saam met hierdie versameling gaan die Gell Papers, alhoewel dit apart van die Milner Papers bestaan. Die Gell Papers bestaan uit twee volumes fotokopieë en is briewe van Milner aan Philip Lyttelton Gell, 1897-1921.

Mej. M. H. Buys.